
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

*Vertroulik*

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V2

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 30**

**TYDSDUUR: 1½ uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

| SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| PUNTE VERWERF | | | | | GEMODEREER | | | | | | | | |
| VRAAG | NASIENER | | | | SN/HN | | | HN/IM | | | EM | | |
| | MAKS | PUNTE | | PAR | PUNTE | | PAR | PUNTE | | PAR | PUNTE | | PAR |
| | | 10 | 1 | | 10 | 1 | | 10 | 1 | | 10 | 1 | |
| 1 | 4 | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 4 | | | | | | | | | | | | |
| 3/4/5 | 14 | | | | | | | | | | | | |
| 6 | 8 | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | 30 | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gehoor | (8) |
| AFDELING B: | Herkenning van Musiekkonsepte | (14) |
| AFDELING C: | Vormanalise | (8) |

2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord verder ook VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) **OF** VRAAG 4: JAZZ **OF** VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM).

4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning vir elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK**

1. Laat die kandidate toe om eers elke vraag te lees en speel dan die betrokke snit.

2. Die nommer van elke snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

3. Elke musiekuittreksel (snit) moet die aantal kere gespeel word soos wat in elke raampie gespesifiseer word.

4. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

5. Indien 'n skool meer as een stroom (Inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse Kunsmusiek (WKM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal aflê.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels hê.
   - 'n Eksamentoesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.

6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
   - IAM-kandidate: Snitte 1 tot 19 en Snitte 38 tot 41
   - JAZZ-kandidate: Snitte 1 tot 10, Snitte 20 tot 28 en Snitte 38 tot 41
   - WKM-kandidate: Snitte 1 tot 10 en Snitte 29 tot 41

7. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

| Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar. |
|---|

1.1 Noteer en voltooi die ritme van die ontbrekende note in maat 1 en 3.





(3)

| Speel weer Snit 1. |
|---|

| Speel Snit 2 TWEE keer na mekaar. |
|---|

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B).




(1)

| Speel weer Snit 2. |
|---|

**[4]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van ELK van die volgende TWEE uittreksels.

| Speel Snit 3 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.1.1 **Snit 3:** ____________________ (1)

| Speel Snit 4 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.1.2 **Snit 4:** ____________________ (1)

Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

2.2 Identifiseer die prominente komposisietegnieke in die volgende TWEE uittreksels:

| Speel Snit 5 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.2.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pedaalpunt | Verkleining | Kreeftegang | Herhaling |

(1)

| Speel Snit 6 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.2.2

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nabootsing | Verkleining | Omkering | Vergroting |

(1)

| Speel Snit 7 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.3 Watter EEN van die volgende beskryf die ritme van die melodie?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gesinkopeerd | Onreëlmatig | Gepunteerd | Swing |

(1)

| Speel Snit 8 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.4 Identifiseer die akkoordprogressie in hierdie uittreksel.

| | | | |
|---|---|---|---|
| I–I–V–I | IV–V–I–V | I–I–IV–V | I–ii–V–I |

(1)

| Speel Snit 9 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.5 Beskryf die tipe melodie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Majeur | Heeltoon | Modaal | Chromaties |

(1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| Speel Snit 10 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.6 Dui EEN beskrywing in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Polifonies, majeur tonaliteit en misterioso | |
| Parallelle beweging, andante en slegs diskantsleutel | |
| Wye omvang, parallelle beweging en misterioso | |
| Misterioso, polifonies en andante | |
| Homofonies, secco en andante | |

(1)

(8 ÷ 2) **[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)**
**OF VRAAG 4 (JAZZ)**
**OF VRAAG 5 (WKM).**

**VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

3.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 11–13 verband hou. Maak vir ELKE snit 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

Speel Snit 11 DRIE keer na mekaar.

3.1.1 **Snit 11**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Melodie in unisoon | |
| Tweestemmige koorbegeleiding | |
| Oorvleueling van solostemme | |
| Krepitasie word gebruik | |
| Ugubhu-begeleiding | |
| Beenratels | |
| SATB | |
| Gesinkopeerde ritmes | |

(3)

Speel Snit 12 DRIE keer na mekaar.

3.1.2 **Snit 12**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Handeklap in saamgestelde tweeslagmaat | |
| Ululasie | |
| Botoonsang | |
| Aërofoon en idiofone | |
| Onreëlmatige tyd | |
| Aërofoon en chordofoon | |
| Sikliese vier-akkoordprogressie | |
| Herhaling | |

(3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 13 DRIE keer na mekaar.

3.1.3 **Snit 13**

| **KOLOM A** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Basstemme-inleiding | |
| Majeur tonaliteit | |
| Isicathamiya | |
| Opgaande melodiese sekwense | |
| A cappella | |
| Improvisasie | |
| SATB | |
| Lofdig | |

(3)

Speel Snit 14 TWEE keer.

3.2 Vervang die onderstreepte woorde om ELKE stelling WAAR te maak in verband met die musiek wat jy hoor. Skryf SLEGS die korrekte woord of term as jou antwoord neer.

3.2.1 Isihlabo word teen 'n lewendige tempo in <u>vierslagmaat</u> gespeel.

______________________________ (1)

3.2.2 Die solomelodie is op die <u>heeltoon</u>-toonleer gebaseer.

______________________________ (1)

3.2.3 'n Staalsnaarkitaar word gespeel deur <u>ukuvamba</u> te gebruik.

______________________________ (1)

Speel Snit 15 TWEE keer.

3.3 Beskryf die kenmerke van izibongo soos dit in hierdie uittreksel gehoor word.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 16 TWEE keer na mekaar.

3.4 Beantwoord die volgende vrae in verband met hierdie uittreksel.

3.4.1 Watter item hoor jy in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vokale glysang | Vokale krepitasie | Vokale ululasie | Onomatopee |

(1)

3.4.2 Hoe dra die musiek die betekenis van die teks oor?

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

Speel Snit 17 TWEE keer.

3.5 Beantwoord die volgende vrae in verband met hierdie uittreksel.

3.5.1 Noem EEN groep/kunstenaar wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

________________________________________ (1)

3.5.2 Dui VIER items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 17 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

| **KOLOM A** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Afrika-ritmes wat deur die bongo- en malombo-tromme verskaf word | |
| Voordra van 'n gedig | |
| Nabootsing tussen stem en geplukte kitaarmelodie | |
| Liriese en huppelende fluitmelodieë | |
| Vokale scat-sang | |
| Legato-kitaarmelodieë | |
| Lirieke wat in Tshivenda gesing word | |
| Gebruik ululasie om opwinding te skep | |
| Westerse instrumente | |
| Gesinkopeerde ritmes | |

(4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 18 EEN keer.

3.6 Identifiseer die titel en styl van hierdie liedjie.

Titel: ______________________________________________ (1)

Styl: ______________________________________________ (1)

Speel Snit 19 DRIE keer.

3.7 Verduidelik die struktuur van hierdie uittreksel.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

Speel weer Snit 19.

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: JAZZ**

4.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 20–22 verband hou.

Speel Snit 20 DRIE keer na mekaar.

4.1.1 **Snit 20**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Big band-verwerking | |
| Gesinkopeerde ritmes en homofoniese tekstuur | |
| Stadige tempo in drieslagmaat | |
| Thelonious Monk swing-combo | |
| Sekwense in blaserseksie | |
| Akkoorduitbarstings slegs op die maatslag | |
| Sikliese vier-akkoordprogressie | |
| Klavier-en-bas-einde | |

(3)

Speel Snit 21 DRIE keer na mekaar.

4.1.2 **Snit 21**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Klarinette speel kontrapuntaal teenoor die tromboon | |
| Opgewekte tempo in drieslagmaat | |
| Blues | |
| Aanvangsmelodie begin op die tweede polsslag | |
| Dixieland en vaste ritme | |
| Opgewekte tempo in vierslagmaat | |
| Gesinkopeerde ritmes en polifoniese tekstuur | |
| Baskitaar en tromstel | |

(3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 22 DRIE keer na mekaar.

4.1.3 **Snit 22**

| **KOLOM A** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Herhalende motiewe in unisoon | |
| Hoofmelodie op trompet gespeel | |
| Inleiding eindig met 'n volmaakte kadens | |
| Melodie op klarinet | |
| Inleiding sluit 'n voortdurende lopende bas in | |
| Inleiding eindig met 'n onvolmaakte kadens | |
| Kwêla-stylinvloede | |
| Kitaar en kontrabas begelei die melodie | |

(3)

Speel Snit 23 TWEE keer.

4.2 Vervang die onderstreepte woorde om ELKE stelling WAAR te maak in verband met die musiek wat jy hoor. Skryf SLEGS die korrekte woord of term as jou antwoord neer.

4.2.1 Dit word teen 'n matige tempo gespeel, in <u>saamgestelde</u> maatslag, met 'n sikliese akkoordprogressie.

________________________________________ (1)

4.2.2 Harmonie is op die <u>blues</u>-toonleer gebaseer.

________________________________________ (1)

4.2.3 Die melodie word eerste deur <u>saksofone</u> gespeel.

________________________________________ (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Speel Snit 24 TWEE keer.**

4.3 4.3.1 Noem die styl wat in hierdie uittreksel voorkom.

____________________________________________ (1)

4.3.2 Beskryf TWEE ritmiese kenmerke van hierdie musiekstyl.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (2)

**Speel Snit 25 TWEE keer.**

4.4 Beantwoord die volgende vrae in verband met hierdie uittreksel:

4.4.1 Met watter sanger assosieer jy hierdie liedjie?

____________________________________________ (1)

4.4.2 Watter item hoor jy in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vokale vibrato | Vokale krepitasie | Vokale neurie | Vokale scat-sang |

(1)

4.4.3 Identifiseer EEN ander vokale kenmerk wat jy hoor wat spesifiek met hierdie kunstenaar geassosieer word.

____________________________________________

____________________________________________ (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 26 TWEE keer.

4.5 Kies TWEE items in KOLOM A wat met die musiek in Snit 26 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Marabi-, kwêla- en Afrika-avant-garde-invloede | |
| Sikliese akkoordprogressie en parallelle beweging | |
| Invloede van Louis Armstrong is teenwoordig | |
| Mbaqanga- en kwêla-invloede | |
| Vrye improvisasie, onafhanklik van akkoorde | |
| Enkellaag- instrumentale verwerkings | |
| Roep en antwoord tussen hoë en lae koperblasers | |

(2)

4.6 Beskryf die ritme in hierdie uittreksel.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

Speel Snit 27 EEN keer.

4.7 Identifiseer die titel en styl van hierdie liedjie.

Titel: ______________________________________ (1)

Styl: ______________________________________ (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| Speel Snit 28 TWEE keer. |
|---|

4.8 Beskryf die volgende elemente wat jy in hierdie uittreksel hoor:

- Melodie: _______________________________________________________________________ (1)
- Harmonie: _______________________________________________________________________ (1)
- Ritme: _______________________________________________________________________ (1)
- Toonkleur: _______________________________________________________________________ (1)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

5.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 29–31 verband hou.

| Speel Snit 29 DRIE keer na mekaar. |
|---|

5.1.1 **Snit 29**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Klavier- en kontrabasinleiding | |
| Saamgestelde tweeslagmaat in 'n mineur toonsoort | |
| Andante agitato | |
| Liriese melodie met vae kadense | |
| Blokharmonieë in klavier met ostinato bas | |
| Arpeggio-begeleiding vir solo piccolo | |
| Presto agitato | |
| Tonika-pedaalpunt in die begeleiding | |

(3)

| Speel Snit 30 DRIE keer na mekaar. |
|---|

5.1.2 **Snit 30**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Rubato in versierde melodie | |
| Arpeggio-begeleiding | |
| Uittreksel eindig met 'n volmaakte kadens | |
| Ritardando | |
| Matige tempo in 'n mineur toonsoort | |
| Polifoniese tekstuur | |
| Presto agitato in 'n mineur toonsoort | |
| Huppelende triole | |

(3)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 31 DRIE keer na mekaar.

5.1.3 **Snit 31**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Dissonante harmonie | |
| Saamgestelde tweeslagmaat | |
| Polifonie | |
| Mineur akkoorde in die inleiding | |
| SATB | |
| Orrelbegeleiding | |
| Monofoniese tekstuur | |
| Fugale styl na die inleiding | |

(3)

Speel Snit 32 TWEE keer.

5.2 Vervang die onderstreepte woorde om ELKE stelling WAAR te maak in verband met die musiek wat jy hoor. Skryf SLEGS die korrekte woord of term as jou antwoord neer.

5.2.1 Die orkesinleiding word deur <u>houtblasers</u> in vierslagmaat gespeel.

________________________________________ (1)

5.2.2 Die omvang van die melodie is 'n volmaakte/rein <u>vyfde</u>.

________________________________________ (1)

5.2.3 Hierdie aria is in G <u>mineur</u>.

________________________________________ (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 33 TWEE keer.

5.3 5.3.1 Gee die toepaslike datums van die stylperiode waarmee jy hierdie uittreksel assosieer.

______________________________ (1)

5.3.2 Dui VIER items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 33 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Strykerseksie verskaf 'n kragdadige toonkleur | |
| Wye dinamiese omvang | |
| Standaard-orkestrasie | |
| Tutti | |
| Timpani speel nie 'n prominente rol nie | |
| Liriese en huppelende melodieë | |
| Blaasinstrumente speel 'n primêre rol | |
| Menuet en trio | |
| Trombone bygevoeg om 'n kragtige klank te skep | |
| Fanfare op trompette | |

(4)

Speel Snit 34 TWEE keer.

5.4 Identifiseer die volgende kenmerke wat jy in hierdie uittreksel hoor:

Stemtipes: ______________________________

______________________________ (2)

Tydmaatteken: ______________________________ (1)

Harmoniese styl: ______________________________

______________________________ (1)

Speel Snit 35 TWEE keer.

5.5 Watter instrumente speel die Alberti-bas in hierdie uittreksel?

______________________________ (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 36 TWEE keer.

5.6 Identifiseer die titel en komponis van die beweging waaruit hierdie uittreksel geneem is.

Titel: ____________________ (1)

Komponis: ____________________ (1)

Speel Snit 37 TWEE keer.

5.7 Beskryf VIER prominente kenmerke in die hout- en koperblaasseksies wat jy in hierdie uittreksel hoor.

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________ (4)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: VORMANALISE (VERPLIGTEND)

### VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Speel Snit 38 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee. |
|---|

Luister na die stuk hieronder terwyl jy die partituur bestudeer.




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Speel Snit 38 weer.

6.1 Gee 'n skematiese uitleg van die vorm. Trek lyne in die tabel hieronder en dui elke seksie met die ooreenstemmende maatnommers aan.

| SEKSIES | MAATNOMMERS |
|---|---|
| | |

(3)

6.2 Noem die vorm.

________________________________________ (1)

Speel Snit 39 TWEE keer na mekaar (dit is maat 9 tot $14^1$).

6.3 Noem die komposisietegnieke wat gebruik word in:

6.3.1 Maat 9 tot 12 by (X)

Komposisietegniek by (X): ____________________ (1)

6.3.2 Maat 13 by (Y)

Komposisietegniek by (Y): ____________________ (1)

Speel Snit 40 TWEE keer na mekaar (hierdie is maat 17 tot 20).

6.4 Noem die toonsoort en kadens by (S) in maat 19 tot 20.

Toonsoort: ______________________________ (1)

Kadens: ______________________________ (1)

Speel Snit 41 vir 'n finale oorsig.

**TOTAAL AFDELING C: 8**
**GROOTTOTAAL: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za





SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK | | | | |
|---|---|---|---|---|
| PUNTE VERWERF | | | | |
| VRAAG | HERNASIEN | | | |
| | MAKS | PUNTE | | PAR |
| | | 10 | 1 | |
| | | | | |
| 1 | 4 | | | |
| 2 | 4 | | | |
| 3/4/5 | 14 | | | |
| 6 | 8 | | | |
| TOTAAL | 30 | | | |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African